# Laerskool Eligwa

H/v Conan Doyle en Lion Cachet
✉ 11 VANDERBIJLPARK 1900
☎ (016) 933-4774
E-pos: eligwa@mweb.co.za

3 Mei 2021

Nuusbrief Nr. 7 van 2021

Geagte Ouers / Voogde

Baie welkom terug na die vakansie. Ons glo en vertrou dat u 'n aangename rustyd met u kind(ers) geniet het. Neem asseblief kennis van die volgende sake:

**1. PERSONEELSAKE**

Ons verwelkom graag die volgende nuwe personeel by Eligwa.
Mev. Heleneze van Zyl en Mev. Anja McPherson
Baie geluk met die aanstelling en baie welkom by ons skool. Mag u sommer baie gelukkig wees en vinnig inskakel in ons gemeenskap.

**2. AKADEMIE**

Met die Onderwysdepartement se rekenaarprogram wat nie gereed was nie, was skole nie instaat om vorderingsverslae aan die einde van die eerste kwartaal uit te gee nie. Ons gaan egter poog om dit die week gereed te hê. Ons amptelike ouermiddag is steeds op Maandag, 10 Mei 2021 en Dinsdag, 11 Mei 2021 **vanaf 14:15 tot 18:00.** Slegs leerders wat briewe ontvang se ouers word uitgenooi na die ouermiddag. Omrede dit al hoe meer onveilig word om in die aande rond te ry, versoek ons u om by bogenoemde tye hou. Die ouermiddag is vir alle leerders vanaf Gr. 1 – Gr. 7. Ons doen 'n vriendelike beroep op ouers om by die punt te bly en u kind se leerprobleme met sy / haar onderwyser te kom bespreek. Parkeer asseblief in die parkie en gebruik hek 4 om in die terrein in te kom. Covid-19 protokol sal toegepas word by die hek – meet van temperatuur, sanitering van u hande en onthou asseblief u masker. Geen kinders sal op die terrein toegelaat word nie en slegs 1 ouer per gesin.

**3. BESOEKE AAN DIE SKOOL**

Soos in ons vorige skrywes vermeld, is u welkom om afsprake met leerkragte te maak. Ons versoek u egter vriendelik om dit **vooraf telefonies of skriftelik** te doen en nie net by die leerkrag op te daag nie. Ouers van veral die grondslagfase moet ook asseblief by die reëlings bly. Ons grondslagfasedames is na 13:00 met administratiewe pligte of met vergaderings besig en kan u nie altyd sonder 'n afspraak te woord staan nie. By voorbaat dankie vir u begrip en ondersteuning in die verband.

**4. GR. 1 OPEDAG (12 MEI 2021)**

Ons herinner u aan bogenoemde opedag wat sal plaasvind om 17:30 in ons skoolsaal. Lig asseblief alle belangstellendes waarvan u weet oor bogenoemde in.

**5. GR. R EN RR-OPEDAG (27 MEI 2021)**

Ons herinner u aan bogenoemde opedag wat sal plaasvind om 17:30 in ons skoolsaal. Lig asseblief alle belangstellendes waarvan u weet oor bogenoemde in.

**6. RUGBYRAAI**

Baie dankie vir u ondersteuning met betrekking tot die rugbyraai. Met die wedstryd wat toe voortgegaan het, het Belinda Lombaard die telling reg voorspel. Sy is die gelukkige wenner van R1500.

**7. BELANGRIKE DATUMS**

| | |
|---|---|
| Maandag, 10 Mei | : Ouermiddag Gr. 1 tot 7 : 14:15-17:00 |
| Dinsdag, 11 Mei | : Ouermiddag Gr. 1 tot 7 : 14:15-17:00 |
| Woensdag, 12 Mei | : Gr. 1 opedag – 17:30 (Skoolsaal) |
| Donderdag, 27 Mei | : Gr. RR / R opedag – 17:30 (Skoolsaal) |
| Vrydag, 4 Junie | : Koekverkoping – Graad 1 en Graad 5. |
| Vrydag, 11 Junie | : Entrepeneursdag – Gr. R /RR |
| Woensdag, 16 Junie | : JEUGDAG |
| Vrydag, 2 Julie | : Prefekvergadering. 14:15 |
| Vrydag, 9 Julie | : Skool sluit. |

**8. GRAAD 1 INSKRYWINGS VIR 2022**

Ons wil graag die papierwerk rondom die Gr. 1 inskrywings vir 2022 so gou as moontlik finaliseer. Ons versoek dus al die voornemende Gr. 1 ouers van 2022 om die nodige dokumentasie by die kantoor te kom afhaal en so gou doenlik te voltooi. U kan dit dan inhandig by Mev. Nel in die kantoor. Ons het nog geen inligting ontvang rakende die aanlyn inskrywings vir 2022 nie en sal u laat weet indien ons enige kommunikasie ontvang in die verband.

**9. BUITEMUURSE AKTIWITEITE**

Ons gaan op Maandag, 31 Mei 2021 begin met hokkie en krieket. Die aktiwiteite sal direk na skool plaasvind en daar sal slegs gekonsentreer word op tegniek. GEEN ouer sal op die terrein toegelaat word nie. Die spelers sal onderlinge wedstryde teen mekaar speel om hulle skerp en fiks te hou. Indien die departement ons toestemming gee, sal ons dan in die 3de kwartaal wedstryde speel. Maandae en Woensdae sal gereserveer word vir hokkie en Dinsdae en Donderdae vir krieket.

**10. <u>QR KODE</u>**

Ons beplan om ook nuusbriewe in die toekoms met 'n QR kode met u te kommunikeer. Dit sal die skool baie geld spaar t.o.v. papier en ink en dit sal ook verseker dat u die nuusbriewe ontvang.U kan dus sien hoe belangrik dit is dat ons u korrekte selfoonnommer het. Indien u nommer verander, bly dit u verantwoordelikheid om dit onder die skool se aandag te bring. Ons sal tot en met skoolsluiting op 6 Julie 2021 steeds die nuusbrief vir u per hand stuur SAAM met die QR kode sodat u gewoond kan raak aan die idee.Vanaf 26 Julie sal u slegs 'n sms ontvang dat die nuwe nuusbrief beskikbaar is, en is dit u verantwoordelikheid om dit te skandeer en uself te vergewis van die inhoud van die nuusbrief. U sal gedurende die 2de kwartaal 'n gelamineerde QR Kode ontvang wat u teen die yskas kan vasplak. Skandeer gerus die QR kodes op die brief en kyk wat u kry.

Eligwa Nuusbrief

Laerskool Eligwa weltuiste

Eligwa Facebook

Vriendelike groete

*B.D Boshoff*
Skoolhoof